

Voëls met ringe



'n Kaapse Wewer *Ploceus capensis* (Roberts 799) word "geprosesseer" voordat dit na beringing losgelaat word. Rekord word gehou van die ringnommer, datum wanneer en plek waar gering, asook die geslag en gewig van die voël. Mate word geneem van die vlerke, bek, stert en pote.

NA aanhoudende reëns wat met skielike skerp dalings in temperatuur gepaard gaan, tref mens dikwels wildevoëls aan wat uitgeput en hulpeloos, of reeds dood is. Soms is daar om die een poot van so 'n voël 'n verrassing in die vorm van 'n ligte metaalringetjie met geheimsinnige inskripsies. Dit bring gewoonlik mee dat die vinder die voël, of ring, na die naaste wetenskaplike inrigting neem met die hoop dat daar iemand sal wees wat iets meer daaromtrent kan vertel. Dit is op hierdie sielkundige reaksie en ingebore nuuskierigheid van die mens waarop die wetenskaplikes staatmaak by die beringing van voëls. Die feit dat die resultate van hierdie navorsing berus op die samewerking van 'n vreemde publiek, etlike duisende myle vanaf die plek van beringing, maak die werk meer interessant maar ook moeiliker.

Spotted Hyena found in the O.F.S.

IN August 1973, a male spotted hyena, *Crocuta crocuta*, with a mass of 68 kg was killed on the farm Toggekry in the Ladybrand district.

As far as can be ascertained, this is only the second reported occurrence of a spotted hyena in the Orange Free State, the first was found 3 years ago near Ventersburg. Whereas spotted hyenas were distributed throughout South Africa in historical times, they are now mostly confined to the larger nature reserves in the Transvaal, Natal, Cape Province and South West Africa.

This specimen could probably be a straggler from the Natal side of the Drakensberg range, near the Lesotho border.

Brown hyenas, *Hyena brunnea*, however, occur in the O.F.S.; eleven have been reported in the Province through the years 1965 to 1970.

FOOTNOTE: Any reader knowing of other occurrences of spotted hyena in the O.F.S., should please inform the National Museum, Bloemfontein.

Sedert die stelselmatige beringing van trekvoëls bykans 'n eeu gelede in Denemarke begin het, het dit so uitgebrei dat dit feitlik in alle lande van die wêreld gedoen word. Hoewel daar geen internasionale organisasie is wat hierdie werksaamhede koördineer nie word uitstekende samewerking hieroor verleen en inligting uitgeruil.

In Suid-Afrika het die Voëlkundige Vereniging vir sowat 25 jaar die beringing georganiseer. In 1971 is dit herorganiseer en oorgeeneem deur die Nasionale Beringingseenheid wat met 'n subsidie van die W.N.N.R. funksioneer as 'n afdeling van die Percy Fitzpatrick-Instituut vir Voëlkunde aan die Universiteit Kaapstad. Hoewel dit in ander lande op 'n ander wyse funksioneer, hetsy deur verenigings, institute of museums, bly een van die vernaamste take die voorsiening van ringe aan medewerkers. Die ringe bestaan almal uit 'n ligte metaal waarop 'n kort inskripsie (soms in kode) en 'n reeksnommer geslaan is (sien foto).

Publications in Press

MEMOIR 7

- Pioneers of Early Aviation in South Africa - H. Oberholzer.

MEMOIR 8

- Geology of the Cornelia Beds, O.F.S. - K. W. Butzer.

- Stone artifacts from Cornelia, O.F.S. - J. Desmond Clark.

- The fossil Mammals of Cornelia, O.F.S., S.A. - H. B. S. Cooke.

RESEARCHES VOLUME 2 PART II

- South Africa Galumnoidea (Oribatei: Acari): New taxa and records - C. M. Engelbrecht.

- Die mesonefros van *Xenopus laevis* (Daudin). 'n Histologiese oorsig - S. W. P. de Waal.

- On the Geology of a late Pliocene *Mammuthus* site, Virginia, Orange Free State - K. W. Butzer.



'n Voorbeeld van 'n ring wat in Warschau, Pole uitgereik en onlangs naby Strydenburg teruggevind is.

'n Baie groot persentasie ringe wat in ons land teruggevind word, is van die Oos-Europese, Sentraal-Asiatiese en Wes-Siberiese gedeeltes van die Sowet-Unie afkomstig, terwyl die teenoorgestelde ook waar is. Van hierdie voëls hou die Europese swawel (*Hirundo rustica*) en die Jakkalsvoël (*Buteo buteo*) afstandrekords van meer as 10 000 km. Dit geld ook vir swawels wat hier gering en in Engeland en Skandinawië teruggevind is. Sover bekend, is die langste afstand wat deur 'n voël met 'n Suid-Afrikaanse ring afgeleë is dié van 'n Groot pylstormvoël (*Puffinus gravis*) wat op Tristan da Cunha gering en op Groenland, sowat 13 500 km daarvandaan gevind is. Hoewel die gegewens wat verkry word nie altyd so aanskoulik is nie, is die terugvind van 'n voël op dieselfde plek, of slegs 'n paar kilometer vanaf die beringingsplek vir navorsing ewe belangrik.

Hiermee word 'n beroep gedoen op die Vrystaatspubliek om ringe wat aan dooie voëls gevind word, saam met die poot waarom dit vas is, direk aan die Percy Fitzpatrick-Instituut in Kaapstad te stuur, of indien dit geriefliker is, dit aan die Museum te besorg vir deursending. Dit is uiters belangrik dat die naam en adres van die vinder met datum waarop en plek waar dit gevind is die ring moet vergesel. So dra gegewens oor die betrokke voël van die oorspronklike beringingsplek ontvang is, word die volledige besonderhede aan die vinder gestuur.

VOORBLAD

Hekboog van Fort Bloemfontein. Linsnee deur Johan Reyneke.

COVER PICTURE

Gate arch of Fort Bloemfontein. Linsnee deur Johan Reyneke.

KROKODILRAAISEL

ANTWOORD: Die boonste krokodil op die foto is die veselglasreptika.....of is dit nou die onderste een?